

Saterdag 18 November

Skrifgedeelte: Romeine 12:14-17

Fokusgedeelte: Romeine 12:14-17 (AFR83)

Seën julle vervolgers, ja, seën hulle ...!

Daar is soms vreemde opdragte waarvan ons in die Bybel hoor, en vandag se teks is so een. Maar natuurlik is Paulus hier, onder inspirasie van die Heilige Gees, bloot net besig om ons Here Jesus se woorde te laat eggo (Matt. 5:43-48; Luk. 6:28). En vir amper 2000 jaar al eggo hierdie Bybelse opdrag in die kerk van die Here en bemoedig dit elkeen wat moet ly onder die teenstand van vervolgers.

Vervolging beteken om konstante teenstand van mense te ervaar, veral as jy opstaan vir God se reg en geregtigheid. Ons Here Jesus het dit as die Seun van God beleef. Paulus se bediening was gekenmerk deur vervolging en tog roep die Here ons, as sy volgelinge, deur die apostel op om in liefde teen ons vervolgers op te tree. Ons teks maak dit duidelik dat ons nie ons vervolgers moet vervloek nie.

En miskien sal die meeste van ons erken dat ons dit mos nie doen nie en dat ons ons kan bedwing. Maar om hulle te seën, is nie so maklik nie. Dink aan die mense wat jou al seergemaak het in die lewe. Natuurlik maak dit klomp emosies wakker en bring dit ons ook in stryd met die opdrag om te seën en nie te vervloek nie. Maar om te seën, beteken nie ons keur goed wat die wêreld en mense veral teen Christene doen nie.

Om te seën beteken, in hierdie konteks, om te bid vir iemand dat die Here sy guns en genade op daardie persoon sal laat rus. Om te seën, beteken ons hou vas aan 'n almagtige Here wat iemand se kliphart kan verander. Om so vir iemand te bid wat jou al seergemaak het, is moeilik, maar so word die liefde van Christus net nog meer sigbaar in ons stukkende wêreld.

Sing: Psalm 20:1:1, 2

Ds. W van den Heever (Werner) (Gobabis)